higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 4

XX FEBRUARY 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEES EN KYK

Nasienriglyne vir die begripstoets.

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Geen penalisering waar antwoorde nie in volsinne geskryf is nie.
- Geen woord in 'n ander taal word as antwoord aanvaar nie. Indien die woord(e) egter toegedruk word en dit beïnvloed nie die betekenis nie, word die antwoord as korrek aanvaar.
- Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
- Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite in volgorde nagesien.
- Spesifieke opdragte soos, byvoorbeeld **EEN WOORD, OPEENVOLGENDE WOORDE, 'N SINSDEEL, EEN SIN** moet uitgevoer word. Die kandidaat mag een woord in 'n sin aanbied:

Die een woord is …
Die woord wat dit vir ons sê, is …

- Geen penalisering indien aanhalingstekens in aanhalings ontbreek nie.
- Geen penalisering indien die antwoord 'n direkte aanhaling is nie.
- Waar/Ja/Onwaar/Nee vrae:

Eerste deel korrek en motivering verkeerd/ontbreek (1)
Eerste deel verkeerd en motivering verkeerd (0)
Eerste deel ontbreek en motivering korrek (0)

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

TEKS A: Sjuut!

[Verwerk uit: *Vrouekeur, 19 Mei 2017*]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT
1.1	Gepas: Dit handel oor hoe 'n mens jou lewe kan verbeter. Dit het 'n invloed op jou menswees. OF: Nie gepas nie: Dit het niks met menswees te doen nie. Iets soortgelyks.	2
1.2	Sjuut is 'n uitroep om stil te bly, dus baie trefkrag. Iets soortgelyks.	1
1.3	In te lig, op te voed.	1
1.4	oorverdowende lawaai	1
1.5	'optimaal te funksioneer' (paragraaf 2)	1
1.6	C	1

1.7	'skaars kommoditeit' (paragraaf 2)		1
1.8	1.8.1	FIGUURLIK	1
	1.8.2	'n Plaag veroorsaak skade, daarom word daar na geraas as 'n plaag verwys want dit veroorsaak skade aan jou menswees. Iets soortgelyks, volledig vir 2 punte	2
	1.8.3	Wêreldgesondheidsorganisasie (korrek gespel)	1
1.9	'n Teenmiddel word, byvoorbeeld teen iets soos 'n slangbyt of allergie gebruik, m.a.w. 'n middel wat 'n siekte of gesondheidstoestand teenwerk/om positiewe reaksie te veroorsaak/ genesend van aard		1
1.10	1.10.1	Meditasie beteken om stil te word, om jouself af te sluit van die buitewêreld.	1
	1.10.2	Gemoedstoestand is hoe 'n mens voel, byvoorbeeld gelukkig, hartseer, ens.	1
1.11	1.11.1	Waar	1
		'Wanneer ons breine herstel en herlaai, kan ons beter sin maak van uitdagende situasies.' (paragraaf 6)	1
	1.11.2	Onwaar	1
		'Sowat 70 000 besoekers van alle gelowe lê jaarliks hier besoek af.' (paragraaf 5)	1
1.12	Ja Almal gebruik selfone, dus sal hulle die beeld baie goed verstaan. OF: Nee Daar is geen verband tussen 'n selfoon en 'n mens se brein nie.		2
1.13	A		1
1.14	1.14.1	MENING	1
	1.14.2	Elke mens het 'n keuse of hy of sy geraas deel wil maak van hulle lewens.	1
1.15	wêreldwyd		1

1.16 1.16.1 Ja
Ek sal die wenke beslis kan gebruik.
OF
Nee
Ek hou te veel van musiek.

Iets soortgelyks. 2

1.16.2 Enige relevante persoonlike wenk, byvoorbeeld Bad of stort sonder musiek en fokus op die klank van die water./Gaan draf. 1

1.17 Televisie/Radio/Selfoon 3

1.18 Byvoorbeeld: Lees onstpannnde boek of tydskrif / oefen (enige) / beoefen stokperdjie / kuier saam met vriende / bid / skryf in dagboek / praat met betroubare persoon / sit in tuin / speel met hond ens.

Enige TWEE toepaslike antwoorde, nie aangehaal uit leesstuk nie, 2

1.19 Verlaag bloeddruk/verbeter bloedsirkulasie na die brein/help teen depressie/help teen alzheimersiekte.

Enige TWEE 2
[35]

VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS

2.1 Sy neem standpunt in oor Afrikaans as taal by die Universiteit van die Vrystaat. 1

2.2 2.2.1 Alliterasie 1

2.2.2 Leef/lag/vloek
Enige EEN 1

2.3 Sy wil haar standpunt beklemtoon./Sy wil dit duidelik stel hoe sy oor die saak voel. 1

2.4 Nee. 1

Sommige Afrikaanssprekendes sal moontlik benadeel voel./ Het nie dieselfde liefde vir die taal nie. 1

2.5 2.5.1 Engels moet die onderrigtaal by die Universiteit van die Vrystaat word. 1

2.5.2 Ons land se konstitusie bepaal dat jy onderrig in jou moedertaal moet ontvang. Om die onderrigtaal van 'n opvoedkundige instansie te verander, moet die konstitutionele hof daaroor beslis./Die onderrigtaal van 'n instansie soos 'n universiteit is nie iets waaroor gewone mense kan besluit nie./ Hierdie belangrike besluit moes deur ’n Hoër hof geneem word want dit raak baie mense. 1

Iets soortgelyk.

2.6 Onwaar 1

'terwyl ander familielede Engels verkies het' 1

2.7 'n Mens kon verwag dat indien Carryn-Ann in Engels studeer het sy eerder 'n Engelse joernalis sou word./Carryn-Ann moes eerder in Afrikaans studeer het om 'n Afrikaanse joernalis te word.

Iets soortgelyks. 2

2.8 2.8.1 'oukei' 1

2.8.2 Dit is hoe jong mense praat. 1

2.8.3 goed/aanvaarbaar 1

[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: PRÉCIS

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

Moontlike antwoord.

60–70 WOORDE (77 woorde)

Ouers moet diegene **respekteer** wat verantwoordelik is vir julle kind se opvoeding. Gee julle kind **ruimte**; moenie te betrokke wees nie. Laat julle kinders **toe om self** te besluit wat hulle wil studeer. Moedig julle kind aan om **vriende** huistoe te bring. Leer julle kind om altyd die **regte ding** (verantwoordelike) te doen al is dit moeilik. Laat julle kind toe om **self navorsing** te doen. Laat julle kind aan **verskeie aktiwiteite** deelneem vir 'n gebalanseerde ontwikkeling.

[*Hoofgedagtes mag nie herhaal word nie. Indien wel, sien slegs eenmaal na.*]

ASSESSERINGSRIGLYNE
ALGEMEEN

Lees die hele précis om 'n geheelindruk te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste précis nagesien.
- Indien die précis te lank is, word daar slegs **vyf ekstra woorde** toegelaat. **Die res van die** précis **word geïgnoreer.**
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
- Kandidate mag nie afkortings in hulle précis gebruik nie. Indien dit in die précis voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

PUNTE WORD SOOS VOLG TOEGEKEN
- Feite (Inhoud): 14 punte (2 punte per feit)
- Formaat: 1 punt

DUI DIE PUNTE SÓ AAN:

Feite (14) + Formaat (1)
Woorde nie aangedui nie/oorskry aantal woorde (-1)
Taal (-0/1/2/3/4) Aanhaling (-0/1/2)
= TOTAAL

STAP 1: FEITE (14)
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. ('n Volsin het 'n werkwoord.)

STAP 2: FORMAAT (1/0)
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste PARAGRAAFFORMAAT in volsinne aanbied:

STAP 3: GETAL WOORDE (nie aangedui/oorskry -1)
- Kandidate MOET die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die getal woorde is verkeerd aangedui, penaliseer met een punt aan die einde.

STAP 4: TAAL (- 0/1/2/3)
- ELKE taalfout (grammatika, spelling en punktuasie) in ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken:

Feite met taalfoute	
0–3 foute:	Geen penalisering nie
4–7 foute:	Trek 1 punt af
8-11 foute:	Trek 2 punte af
12 en meer foute:	Trek 3 punte af

Kopiereg voorbehou

TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin (bv O/werp + ww. + v/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Tyd, wyse, plek
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Lydende vorm
- Infinitief

STAP 5: AANHALINGS (- 0/1/2)

- Vir direkte aanhalings van sinne word daar soos volg gepenaliseer:

1–3 volledige sinne aangehaal:	Geen penalisering nie.
4–5 volledige sinne aangehaal:	Trek 1 punt van totaal af
6–7 volledige sinne aangehaal:	Trek 2 punte van totaal af

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KYK

VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: GRAFIEK

NR.	ANTWOORD	PUNT
4.1	Vis	1
4.2	Groente en vrugte	1
4.3	Waar '... maar alles is nie verlore nie.'	2
4.4	Eie opinie. Enige relevante antwoord	2
4.5	'kompos'	1
4.6	Feit '... vermors na raming 170 kg kos per persoon per jaar.'	2
4.7	Gee kos vir minderbevoorregtes bv. straatkinders of bedelaars / ’n wurmplaas en maak so eie kompos / gee oorskietkos vir troeteldiere / voer voëls met ou brood / vries oorblywende kos om te bewaar ens. ENIGE toepaslike antwoord.	1

[10]

VRAAG 5: ADVERTENSIE

NR.		ANTWOORD	PUNT
5.1		Toeriste/Potensiële Airbnb huurders en verhuurders	1
5.2		Onwaar	1
		'... waardevolle opleiding by Airbnb gekry.'	1
5.3	5.3.1	Haar gastehuis het in 2014 afgebrand.	1
	5.3.2	Haar man is oorlede.	1
5.4		Ja	
		Haar gastehuis is suksesvol	2
5.5		FIGUURLIK	1
		Sy het weer met haar gastehuis begin./Sy het weer haar gastehuis oopgemaak.	1
5.6		'toepassing'	1
5.7		D	1
5.8		FEIT	1
		'Hulle het drie opblaasmatrasse op hul sitkamervloer mét ontbyt uitgehuur.'	1
5.9		Internet/Selfoon	1
5.10	5.10.1	Hoendertande bestaan glad nie, dus was daar geen hotelkamers beskikbaar nie.	1
	5.10.2	Die idee het begin groei.	1
5.11	5.11.1	Slaapplek (bed) Ontbyt	2
	5.11.2	Lungi is 'n afkorting van die eienares se naam, Nomalungelo.	1
	5.11.3	Bed en ontbyt	1
			[20]
		TOTAAL AFDELING C:	**30**

AFDELING C: TAAL IN PRAKTYK

FUNKSIONELE TAALGEBRUIK

VRAAG 6: ARTIKEL: Die Straat van Vrede

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	sypaadjie	1	Samestelling
6.2	soms	1	Antoniem
6.3	om te (om mooi te maak)	1	Voorvoegsel
6.4	drie-en-vyftig	1	Skryf uit in woorde
6.5	hoë	1	Verbuiging
6.6	inwoners	1	Versamel-naam
6.7	moontlik	1	Sinoniem
6.8	yl	1	Korrekte woord
6.9	onsself	1	Korrekte spelling
6.10	Suid-Afrika	1	Skryf afkorting uit
6.11	stukwerk	2	Skryf in goeie Afrikaans
6.12	Derde	1	Korrekte vorm van telwoord
6.13	sy	1	Korrekte besitlike voornaam-woord
6.14	sleg	1	Vertaal in Afrikaans
6.15	groen	1	Gesegde korrek voltooi

6.16	lote	1	Korrekte spelling
6.17	koop	1	Stam/basis-vorm
6.18	Ou meubelstukke versier die tuin.	3	Bedrywende vorm
6.19	publiek	1	Korrekte woord
6.20	Hy het gesê **dat** mense wat **verbygeloop het** (1), **kon** (1) sit en rus. **Daar was** (1) ook mense wat boek **gelees het** (1).	4	Indirekte rede
6.21	Dit is nie lekker as mense die tuin geniet nie.	2	Ontkennende vorm
6.22	Tuinmaak maak my hart bly.	3	Korrekte woordorde
6.23	Ons gebruik leer vir skoene./Klim op 'n leer om bo by te kom. Iets soortgelyks.	2	Verskil in betekenis (homofoon)
6.24	graffiti	2	Korrekte spelling
6.25	**Die bure** (1) **is** (1) (deur hom) betrek.	2	Lydende vorm
6.26	te help	1	Infinitief
6.27	vullisdromme	1	Een woord
6.28	Finansiële (korrek gespel)	1	Verbuiging
		[40]	
	TOTAAL AFDELING C:	**40**	

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN DIE PRAKTYK

VRAAG 7: MEDIA

7.1	7.1.1	F	1
	7.1.2	A	1
	7.1.3	D	1
	7.1.4	E	1
	7.1.5	B	1
7.2	7.2.1	Negatiewe uitlatings oor werksaangeleenthede/jou werkgewer Onbetaamlike foto's Rassistiese uitlatings Enige TWEE relevante antwoorde	2
	7.2.2	Foto's waar jy dronk is/onbetaamlik optree/vuil taal gebruik/onbehoorlike grappe vertel/ swak geklee is/ swak vriende het Enige TWEE relevante antwoorde	2
	7.2.3	Wanneer jy 'n plasing deel, dui dit daarop dat jy saamstem met wat die ander persoon sê, of dat jy van die plasing hou.	1
7.3		Gedrukte media: Koerante, tydskrifte Oudiovisuele media: Televisie, dvd's Elektroniese media: Internet, rekenaars, slimfone, tablette	6
7.4		Televisie is die gewildste van alle media. Verskillende televisie-kanale spreek tot verskillende gehore. Televisie beantwoord aan al die doelwitte van die media: Nuusdiens verskaf inligting, opvoedkundige programme, in-diepte besprekingsprogramme, vermaak, advertensies en promosies	2
7.5		*'Info'* beteken informasie, '*mercial'* is afgelei van '*commercial'* wat advertensie beteken, m.a.w. dis 'n advertensie wat inligting gee. (1 x 2)	2
			[20]

VRAAG 8: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIE MEDIA

8.1 8.1.1 Logos
Patos
Etos 3

8.1.2 Logos: Om te oortuig deur logiese argument
Patos: Om te oortuig deur tot die emosies te spreek
Etos: Om te oortuig deur ’n geloofwaardige sender te gebruik 3

8.1.3 Logos: Verskaf feite, bewyse, data
Patos: Emosionele taalgebruik, skuldgevoelens aan te spreek
Etos: Foto van geloofwaardige spreker

Enige relevante voorbeeld 3

8.2 8.2.1
- Geletterdheid: Deur die gedrukte media en Internet-webwerwe deur te gaan, verbeter ons ons leesvaardigheid.
- Meningsvorming: Die media hou ons ingelig.
  Eerlike beriggewing gee vir ons verskillende standpunte en ons word aangemoedig om oor die kwessie te dink en ons eie mening te vorm.
- Waardes: Advertering lig ons in oor die jongste neigings in die samelewing en nuwe produkte en dienste. 3

8.2.2
- Geletterdheid: Die klem is op maklike vermaak. In plaas daarvan om koerante, boeke en tydskrifte te lees, sit ons passief voor die TV. Leesvaardigheid bly onderontwikkel.
- Meningsvorming: Manipulerende verslaggewing en propaganda gee ons nie kans om ons eie mening te vorm nie. Ons word op 'n slim manier en indirek vertel hoe ons moet dink, wat ons moet koop, ens.
- Waardes: Advertering laat ons te veel klem plaas op 'dinge'. Dit oorreed ons om dinge te koop wat ons nie regtig nodig het nie. 3

8.3 8.3.1 B 1

8.3.2 E 1

8.3.3 A 1

8.3.4 C 1

8.3.5 D 1

[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou